

Naam van gemeente: **NED Geref GEMEENTE PE SONHEUWELS**

Sinode: **NG Kerk In Oos-Kaapland**

A. Die gesprekke self

1. Hoe wyd is in die gemeente gesprek gevoer en kommentaar gevra oor die vier voorstelle [Merk al die blokkies wat van toepassing is]
 - ✓ Kerkraad in 2006
 - ✓ Lidmate: byeenkoms (4 November 2007)
2. Is met die oog op die gesprekke sowel die Belharbelydenis as Begelidende Brief aan lidmate beskikbaar gestel om te lees?
 - ✓ Ja

B. Gesprekke oor die Konfessionele Basis

Wat is die kommentaar en terugvoering wat die gemeente gegee het oor die Konfessionele Basis van 'n nuwe kerkverband?

- Die enigste motief vir kerkeenheid moet wees omdat God dit in die Bybel beveel - en dit kan net realiseer as alle kerke se motief dieselfde is as God sin en as hulle eerlik en opreg deelneem.
- Positief oor feit dat Belhar nie afdwingbaar gemaak sal word nie.
- Baie bekommerd omdat dit lyk asof daar in dokumente oor kerkhereniging die "geneigdheid is om te speel met woorde".
- Watter waarborg is daar dat die onderneming in die konfessionele basis nie later eenvoudig van die tafel afgegee sal word nie?
- Daar is mense wat geen vertroue in Allan Boesak het nie - dit maak hulle aanvaarding van die Belharbelydenis onmoontlik.
- Daar is 'n gevoel dat daar baie politieke ondertone in die strewing na kerkhereniging is. "Kyk wat het gebeur met die NP, die landbou, die sport ens - hoe weet ons dat die NG kerk nie uiteindelik ook uit ons hande gevat gaan word nie?"
- Waarom word daar nie veel moeite gedoen om ander kerke (Metodiste, Hervormde, Geref.) te betrek om hereniging met die VGK, NGKA en RCA te bewerk nie, terwyl die NG kerk so "opgedruk" word in hierdie proses?
- Daar is ook 'n gevoel dat daar nie soveel, indien enige, druk op kerke soos bv. die Engessprekende kerke geplaas word om kerkhereniging te bevorder nie - dit lyk asof hierdie kerke meer moed het om sterker standpunt in te neem.

C. Die Model

Wat is die insette uit die gemeente oor die voorgestelde model?

- Redelike mate van goedkeuring oor die model, maar tog enkele bekommernisse.
- Bekommernis dat dit net so geformuleer is om mense vir eers tevrede te stel.
- Bekommernis oor implikasies in die praktyk (hoe sal 'n leraar wat Belhar onderteken het, ontvang word in 'n gemeente wat dit nie onderteken het nie?)
- Watter waarborg is daar weereens dat hierdie model nie van die tafel afgegee sal word nie?
- Wanneer die nuwe Algemene Sinode gevorm word, bestaan die moontlikheid dat hierdie model in 'n stemmery in elk geval verander kan word indien daar 'n groter verteenwoordiging van die ander kerke sou wees.
- Ons is positief oor die gedagte van assosiasie-lidmaatskap omdat ons oortuig is daarvan dat daar heelwat van ons lidmate is wat om verskeie redes nog nie gereed sal wees om in te val by die voorgestelde model nie en dalk eers sou wou sien hoe sake verder ontwikkel.
- Die vraag is egter: Wat sou gebeur met 'n gemeente wat nie onmiddellik sou inval by die kerkherenigingsproses nie? Wat sou gebeur met 'n gemeente wat glad nie inval by die voorgestelde kerkherenigingsproses nie?

D. Gesamentlike projekte

Watter bydraes is daar in die gemeentegesprekke gelewer oor die voorstelle vir gesamentlike projekte?

- Oor die algemeen positief oor gesamentlike projekte.

Wat moet by die voorstel bygevoeg / weggelaat word?

- Die kerke (verander "moet" na kan) op alle vlakke soveel as moontlik dinge saamdoen.

E. Versoeningprosesse

Die voorstelle oor versoening handel veral oor die konflikte in gemeentes van die NGKA en die VGKSA.

- Geen probleem oor voorstel om 'n proses van versoening van stapel te stuur nie. Opregtheid en eerlikheid van alle partye betrokke, is belangrik.

ENKELE SAKE TER AFSLUITING:

- 1) 'N VRAAG: Wat het geword van die beloofde terugvoer van die Sinode nadat kerkrade verlede jaar verslae deurgestuur het oor kerkraadsgesprekke en stemme vir of teen kerkhereniging/Belharbelydenis?
- 2) Mense vertrou nie meer leiers van die NG kerk nie - skep probleem met "bemarking" van kerkhereniging
- 3) Daar is 'n vrees by baie lidmate dat hulle uiteindelik ook die NG kerk sal verloor - net soos wat soveel ander belange alreeds "uit hulle hande geneem is..."
- 4) Tog glo ons onomwonde dat God steeds die NG kerk wil/sal gebruik om Sy doel op aarde (in SA) te bereik.